Publication: Die Burger (Kaap Stedelik)
Date: 19 Apr 2017
Page: 11

# Die dood van 'Jane Roe'

**Die dood van Norma McCorvey is die einde van die veelbewoë en onsamehangende lewe van iemand wie se lewensgeskiedenis in 'n sekere sin 'n spieëlbeeld is van die verwarring en heftige konflik wat die aborsiedebat in die VSA steeds kenmerk, skryf Anton van Niekerk.**




'n Advertensie vir aborsies in Parow, Kaapstad. Foto: ARGIEF

Norma McCorvey, beter bekend as "Jane Roe", die figuur wat haar naam verleen het aan die befaamde 1973-hofsaak wat aborsie op aanvraag die eerste keer in die geskiedenis van die VSA gewettig het, is op 18 Februarie 2017 in die ouderdom van 69 oorlede.

Dit bring 'n einde aan die veelbewoë en inkoherente lewe van iemand wie se lewensgeskiedenis in 'n sekere sin 'n spieëlbeeld is van die verwarring en heftige konflik wat die aborsiedebat in die VSA steeds kenmerk.

**Probleemkind**

McCorvey was uit die staanspoor 'n probleemkind uit 'n bitter arm agtergrond van 'n arbeidersklasgemeenskap in Texas.

Op ouderdom 16 loop sy weg uit haar ouerhuis en word meermale swanger.

Haar eie ma neem haar eerste kind aan en verwyt haar dat sy te veel van 'n "vuil hoer" is om die kind self groot te maak. Haar tweede baba is deur die kind se pa aangeneem.

Einde 1969, op 22-jarige ouderdom, bevind sy haarself weer swanger en desperaat om van dié fetus ontslae te probeer raak.

Aborsies is in daardie stadium teen die wet in Texas (soos in die res van die VSA), tensy die swanger vrou se lewe in gevaar is, wat nie waar was van McCorvey nie.

In daardie tyd kruis haar pad met dié van twee vroueprokureurs, Sarah Weddington en Linda Coffee, wat albei passievol oortuig is dat vroue beskikkingsreg behoort te hê oor wat mét, en ín, hul liggaam gebeur.

Sy gee hulle verlof om 'n beëdigde verklaring by haar af te neem waarin sy 'n regter vra om 'n aborsie aan haar toe te staan.

Dit word die begin van 'n uitgerekte regsproses wat veel langer as haar oorblywende tyd van swangerskap verloop.

**Wettige aborsie**

Eers op 22 Januarie 1973, toe haar gebore baba reeds ouer as twee was, en waartydens sy nooit self getuig het of enige belangstelling in die saak getoon het nie, kom die Amerikaanse hoogste hof vorendag met een van die beslissendste uitsprake in die VSA se regsgeskiedenis: Die reg op privaatheid, soos dit tot uitdrukking kom in die 14de amendement van die Amerikaanse grondwet, word uitgebrei tot die reg van 'n vrou om 'n aborsie in die eerste trimester van swangerskap te ondergaan sonder dat die staat daarmee mag inmeng.



Norma McCorvey

> **Donohue en Levitt se merkwaardige teorie is toe dat Roe versus Wade die beslissendste sosiale verwikkeling in die VSA van die sewentigerjare was.**

Die meerderheid regters verwerp in die proses die idee dat die fetus vanaf bevrugting 'n "persoon" is wat geregtig is op beskerming en ander persoonsregte.

Hierdie uitspraak het in wese alle bestaande anti-aborsiewetgewing in 46 state in die VSA beëindig en de facto aborsie oor die hele VSA gewettig.

**'Bekering'**

McCorvey se lewe het sy Dickensiaanse patroon bly volg in die roesemoes van heftige konflik oor aborsie wat nie deur die hofsaak beëindig is nie.

In 'n stadium het sy gewerk in 'n aborsiekliniek en haar in die proses vasgeloop teen bitsige kritiek. Ten spyte van die saak wat haar skuilnaam gedra het, was sy ongewild in die geledere van *pro choice*-agitators omdat hulle gemeen het sy is te ongesofistikeerd (lees: dom) om 'n bydrae te lewer.

In die klinieke waar sy gewerk het, is sy voortdurend met (prente/foto's van) bloedige, geaborteerde fetusse gekonfronteer.

In 1995 gaan sy 'n keer kerk toe en beleef 'n religieuse "bekering" wat meebring dat haar steun vir aborsiepraktyke oornag verander en sy nou 'n uitgesproke teenstaander van die praktyk word.

Sy agiteer selfs teen Barack Obama se pro-aborsie-standpunt. Maar ook haar nuwe vriende leer haar die donker kant ken.

Die predikant wat haar gedoop het (Flip Benham) noem haar 'n aasvoël omdat sy sulke hoë tariewe vir onderhoude vra.

In 'n huldeblyk in *The Economist* word tereg geskryf: "She had never been right for Jane Roe. But she wasn't wrong either. Some poor woman would have to have represented all the rest. And Norma McCorvey was as conflicted about abortion as almost the whole of America was."

**Nadraai**

Roe versus Wade het 'n interessante nadraai gehad in sosiaal-wetenskaplike verklarings vir die waarneming dat strafregtelike geweld in die loop van die negentigerjare van die vorige eeu 'n dramatiese afname in die meeste Amerikaanse stede getoon het.

Gewelddadige misdadigers, so weet ons, is wêreldwyd hoofsaaklik mans tussen die ouderdom van 18 en 24.

Waarom sou hierdie groep in die VSA hul gedrag in daardie tyd so opmerklik verander het en veel minder gewelddadige misdade gepleeg het?

Allerlei verklarings oor veranderinge in die VSA in die negentigerjare is aangebied. Toe verskyn daar 'n merkwaardige artikel van John Donohue en Steven Levitt, wat aanvoer dat die meeste verklarings tot in daardie stadium die fout gemaak het om "op die verkeerde plek te soek".

Hulle voer toe aan dat ons nie moet kyk na wat met tipiese kandidate vir gewelddadige misdaad in die negentigerjare gebeur het nie, maar dat ons liewer moet kyk na wat met hulle en hul families gebeur het in die tyd toe hulle gebore is – die vroeg sewentigerjare.

Donohue en Levitt se merkwaardige teorie is toe dat Roe versus Wade die beslissendste sosiale verwikkeling in die VSA van die sewentigerjare was.

Hul teorie is die volgende: Daar kom in die negentigerjare van die vorige eeu baie minder geweld in die VSA voor omdat die tipiese geweldenaars – mans tussen 18 en 24 – waarskynlik meesal in die sewentigerjare geaborteer is!

Vir die eerste keer, beweer hulle, is die geslag jong mans tussen 18 en 24 'n geslag wat *wanted* is – wat die uitkoms was van beplande swangerskappe en wat genoeg liefde en sorg ontvang het om as niemisdadigers groot te word.

Die "ongewenstes" is gewoon nooit toegelaat om in die wêreld te kom nie; Roe versus Wade het dit moontlik gemaak om hulle "betyds" te aborteer.

Daarmee het een van die interessantste en mees revolusionêre argumente ten gunste van aborsie die lig gesien: Dit voorkom gewelddadige misdaad.

Iets om in Suid-Afrika in gedagte te hou?

■ **Bronne:**
Obituary: Norma McCorvey, the "Jane Roe" of Roe vs Wade. *The Economist*, 23 Februarie 2017.



*Prof. Anton van Niekerk is direkteur van die Sentrum vir Toegepaste Etiek aan die Universiteit Stellenbosch.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission